



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

TOERISME

GRAAD 12

HERSIENINGSVRAE ANTWOORDE

KWARTAAL 2

ONDERWERP: TOERISTE BESIENSWAARDIGHEDE

Al die antwoorde in hierdie dokument is uit vorige DBE NSS en ECDoE provinsiale eksamen- nasienriglyne verkry.

Hierdie dokument bestaan uit 29 bladsye.

ONDERWERP: TOERISTE BESIENSWAARDIGHEDE**INHOUD: BEKENDE WÊRELD IKONE EN ATTRAKSIES****NOV 2014 NSS****VRAAG 4**

4.1 4.1.1 (a) **A** - Eiffeltoring ✓
B - Parthenon ✓ (2)

(b) **A** - Parys ✓
B - Athene ✓ (2)

4.1.2 Icoon A

Staalstruktuur ✓✓(metaal; yster)

- 'n Alleenstaande toring wat van metaal gemaak is met verskillende vorms.
- 'n Argitektoniese prestasie wat drie restaurante op die eerste en tweede vlakke huisves.
- 'n Struktuur wat 'n uitsaaistasie en 'n uitkyktoring huisves.
- Besoekers kan drie vlakke van die toring besoek deur trappe of hysbakke te gebruik. (2)

Icoon B

Antieke konstruksie wat bestaan uit eenvoudige rots pilare ✓✓.

- Die binnekant en buitekant is ryklik versier.
- Opgebou met 'n paleis en tempels eie aan die Griekse argitektuur. (2)

**NOV 2015 NSS
VRAAG 4**

4.1

	Icoon	Land	Stad	Rede waarom dit as 'n godsdienstige ikoon beskou word	
4.1.1	A	Israel✓	Jerusalem✓	Die heiligste Joodse plek in Judaïsme✓✓ <ul style="list-style-type: none"> • Deel van die muur van die Tweede Joodse Tempel deur koning Herodes gebou • Een van die sewe wonders van die Heilige Stad, Jerusalem 	(4)
4.1.2	B	Saoedi-Arabië✓	Mekka✓	Heiligste stad van die Islamitiese geloof✓✓ <ul style="list-style-type: none"> • Geestelike sentrum van alle Moslems • Moslems kyk in die rigting van Mekka gedurende hulle daaglike gebede • Fokuspunt van Moslems se pelgrimsreis, die Hadj 	(4)
4.1.3	C	Italië✓	Rome✓ • Vatikaan-stad	Setel van die Rooms-Katolieke Kerk✓✓ <ul style="list-style-type: none"> • Tuiste van die Pous, hoof van die Katolieke kerk (Christendom) 	(4)

4.2

4.2.1 **A - Uluru**✓✓

- Ayers-rots
- Uluru-Kata Tjuta Nasionale Park

(2)

B - Sydney Operahuis✓✓ (2)

4.2.2 Uluru is in 'n afgeleë deel van die binneland geleë (boendoe)✓✓

- Geleë in die woestynarea waar toeriste lang afstande oor verlate paaie moet reis om die ikoon te bereik, en waar min toeriste die ikoon besoek.
- Die besienswaardigheid sal slegs 'n sekere soort toeris na die heilige terrein aantrek / niche-mark.
- Anders as Uluru, is die Sydney Operahuis geleë in 'n stedelike gebied met 'n nabygeleë internasionale lughawe om die ikoon te bereik.
- Goedontwikkelde toerisme infrastruktuur in Sydney en passasiers op luukse skepe kan die ikoon via die hawe bereik, wat nie die geval met Uluru is nie.
- Sydney Operahuis is gewild en gebeurtenisse wat daar gehou word, trek toeriste aan.

(2)

NOV 2016 NSS
VRAAG 4

- 4.1 4.1.1 (a) Noord-Amerika✓✓ (2)
- (b) **A** - Niagara-waterval✓✓
C - Die drywende markte✓✓ (4)
- (c) Seiljagte en seil✓✓
- Boot-/ luukse seevaart
 - Jet-/ water-/ bordski / ski
 - Lyfbord ry
 - Kanovaarte
 - Sweefseil
 - Skubaduik
 - Snorkel
 - Swem
 - Dolfyn aktiwiteite
 - Water-temaparke
 - Windseil / vlieërseil
 - Branderplankry
 - Visvang
 - Roei
 - Kragboot wedrenne (2)
- 4.1.2 Toename in positiewe publisiteit vir Thailand as 'n reisbestemming✓✓
Verhoogde toeristegetalle✓ sal ... tot gevolg hê.
meer werksgeleenthede✓
meer geleenthede vir entrepreneurskap✓
meer buitelandse inkomste✓ / meer buitelandse beleggings /
groter bydrae tot die BBP
- Filmspanne kan hulle verblyf verleng om die Thaise leefstyl te ervaar. (Verlengde verblyfvoordele).
 - Potensiaal vir terugkeerbeseke.
 - Verbetering van infrastruktuur,
 - Bou verhoudings tussen culture. (6)
- 4.2 4.2.1 Albei is in 'n antieke stadsomgewing geleë✓✓
Albei is...
- in Europa / op dieselfde kontinent geleë.
 - in stede geleë wat die middelpunt van die antieke beskawing / gemeenskap was.
 - in die noordelike halfmond geleë.
 - op dieselfde tydsone / lengtelyn geleë.
 - aan die Mediterreense kus geleë.
 - in hoofstede geleë.
 - langs die Adriatiese see geleë. (2)

- 4.2.2 Besoedeling van voertuie beskadig die antieke strukture en beeldhouwerk. ✓✓
Suurreën wat deur menslike aktiwiteite veroorsaak word, beskadig die antieke strukture en beeldhouwerk. ✓✓ (4)
- Massa-toerisme
- 4.2.3 Beperk die aantal toeriste wat per dag by die Colosseum toegelaat word ✓✓
- Vra hoër toegangsfooie
 - Reik permitte aan toeroperateurs uit
 - Verhoog veiligheidsmaatreëls om toeriste se gedrag te beheer, byvoorbeeld om meer veiligheidswagte in diens te neem, CCTV ens.
 - Implementeer omgewingsvriendelike praktyke by die terrein.
 - Implementeer bestuursplanne. (2)

**NOV 2017 NSS
VRAAG 4**

- 4.1 4.1.1 H✓ / Vryheidstandbeeld
Verenigde State van Amerika / VSA✓
- 4.1.2 E✓ / Standbeeld van Christus die Verlosser / Corcovado
Brasilië✓
- 4.1.3 D✓ / Groot Piramides van Giza / Sfinks
Egipte ✓
- 4.1.4 B✓ / Taj Mahal
Indië ✓
- 4.1.5 A✓ / Sydney Operahuis
Australië✓
- 4.1.6 C✓ / Groot Muur van China
China ✓
- 4.1.7 F✓ / Kremlin / Rooi Plein
Rusland ✓
- 4.1.8 G✓ / Big Ben
Engeland ✓
- Brittanje / Groot Brittanje
 - Verenigde Koninkryk / VK (16)

NOV 2018 NSS
VRAAG 4

- 4.1 4.1.1 Brittanje✓
 • VK
 • Verenigde Koninkryk
 • Groot Brittanje
 • Engeland (1)
- 4.1.2 Pad- / Spoor- / Watervervoer✓✓ (2)
- 4.1.3 1 - Toringbrug✓
 2 - Big Ben/ Westminsterpaleis✓
 3 - Buckingham Paleis✓ (3)
- 4.1.4 (a) Verandering van die Wagte✓✓ (2)
- (b) Die wagte by die wat die paleis voer 'n militêre roetine uit wat baie toeriste lok.✓✓
 • Die verandering van die wagte en die seremonie van die proses het 'n tradisie geword en word deur baie toeriste geniet. (2)
- (c) Dit is die koninklike tuiste van die Britse monargie.✓✓
 • Staatsfunksies word by die Buckingham Paleis gehou (2)
- 4.1.5 Toring van Londen✓ (1)

FEB-MAART 2015 NSS
VRAAG 4

- 4.1 4.1.1 A – 2✓
 B – 3✓ (2)
- 4.1.2 A – Hierdie toeris stel belang in Moslemgeskiedenis, -kultuur en Islamitiese argitektuur by die Blou Moskee..✓✓
 • Die toeris wil graag by die Blou Moskee bid.
- B – Hulle wil deelneem aan uitdagende en ongewone ervarings op Tafelberg wat opwinding en gevaar insluit..✓✓ (4)

FEB-MAART 2016 NSS

VRAAG 4

- 4.1 4.1.1 **A - Italië**✓
B - Frankryk✓ (2)
- 4.1.2 (a) Dit leun oor✓✓
• Dit is skuins.
• Dit lyk asof dit kan omval. (2)
- (b) Die grond waarop dit gebou is, is sag of onstabiel en veroorsaak dat dit oorleun of skuins leun. ✓✓
• Die fondasie van die toring is nie solied nie en die fondasie sink aan die een kant omdat die grond sag is. (2)
- 4.1.3 Daar is 'n waarnemingstoring vanwaar toeriste Parys uit die lug kan sien.✓
• Daar is restaurante waar toeriste kan eet.
• Aandenkingswinkels om geskenke te koop.
• Sjampanjekroeg aan die bo-punt van die toring om iets te vier.
• Gustav Eiffel se kantoor in die toring kan besoek word (museum). (2)
- 4.1.4 Universele toeganklikheid✓✓
• Hysbakke
• Braille-aanwysings
• Gebaretaalgidse
• Rolstoel-opritte (2)
- 4.1.5 Big Ben is die naam wat algemeen gebruik word vir die klok in die toring.✓✓
• Big Ben is die naam van die grootste van vyf klokke in die kloktoring. (2)
- 4.4 4.4.1 (a) Die Colosseum✓ (1)
- (b) Gebou as grafte vir die Farao's, Egiptiese Konings.✓✓
• Baie werkers het gesterf gedurende die bou van die piramides. (2)
- (c) Die Vryheidstandbeeld/Statue of Liberty✓ (1)
- (d) Gebou deur die Franse en geskenk aan die VSA ter herdenking van die 100ste Amerikaanse Onafhanklikheidsverklaring.✓✓ (2)
- (e) Die Taj Mahal✓ (1)
- 4.4.2 Sewe Wonders van die Wêreld✓✓
• Antieke argitektuur (2)

FEB-MAART 2017 NSS

VRAAG 4

- 4.1 4.1.1 Vryheidstandbeeld✓✓ (2)
- 4.1.2 Frankryk✓✓ (2)
- 4.1.3 Dit dui op die VSA se demokratiese beginsels wat op verskeie vryhede gebaseer is.✓✓
- Is aan die VSA gegee vir hulle Vryheidsverklaring wat elke jaar op 4 Julie gevier word.
 - Afskaffing van slawerny.
 - 'n Simbool wat aan immigrante na die VSA hoop gee vir 'n moontlike nuwe begin en 'n lewe met meer vryhede.
 - Simbool van menslike vryheid. (2)
- 4.1.4 Icoon **B** – Nederland✓✓
Icoon **C** – Australië✓✓ (4)
- 4.1.5 (a) Icoon **B**
Om graan te maal ✓✓
- Om water te dreineer en laagliggende grond droog te lê.
 - Om hout te saag
 - Om windenergie te genereer vir meganiese prosesse
 - Om grondwater na die oppervlak te pomp om vars water te voorsien (2)
- (b) Icoon **C**
Uitvoerende kunste sentrum met veeldoelige lokale ✓✓
- As 'n operateater
 - Teaters vir dramatiese werke
 - Vermaaksentrum met vertonings en restaurante
 - 'n Grootse argitektoniese struktuur van die 20ste eeu. (2)

- 4.2 4.2.1 (a) Europa ✓✓ (2)
- (b) Die digte donkergroen bome in die woud skep 'n donker (swart) kleur ✓✓
Die swart skaduwees kom van die donker-gekleurde blare van die bome in die woud. (2)
- 4.2.2 Toeriste kom ski by die ski-oorde gedurende die winterseisoen as dit sneeu. ✓✓
Toeriste kom steeds na die gebied gedurende winter en bly binnenshuis om die spafasiliteite te geniet. ✓✓
- Toeriste reis na die Swartwoud om te sien hoe koekoek-horlosies gemaak word.
 - Toeriste reis na die Swartwoud om te sien hoe musiek-instrumente gemaak word.
 - Ritte deur die woud om die natuurskoon te bewonder.
 - Voetslaanroetes deur die woud.
 - Ontdek plaaslike tradisies en kulture. (4)
- 4.2.3 Werkskepping vir die plaaslike inwoners ✓✓
BBP groei in die streek ✓✓
Buitelandse inkomste word verdien ✓✓
- Beter lewensomstandighede vir die plaaslike gemeenskap
 - Verhoogde inkomste/vermenigvuldigingseffek
 - Beter geografiese verspreiding in die streek
 - Verskeidenheid toeristeprodukte beskikbaar dwarsdeur die Swartwoud.
 - Toeriste vertoef langer om die verskeidenheid toeriste-produkte wat in die streek beskikbaar is, te ervaar.
 - Verbeterde seisoenaliteit – winter- en someraktiwiteite word aangebied wat uniek aan die streek is.
 - Duitsland word as 'n bestemming met veelvuldige toerisme-ervarings beskou.
 - Infrastruktuurontwikkeling vir ski- en spafasiliteite
 - Geleenthede vir plaaslike entrepreneurs om dienste en produkte te lewer aan dagbesoekers en toeriste wat vir korter tydperke vertoef.
 - Beperk seisoenale arbeid (6)

FEB-MAART 2018 NSS

VRAAG 4

- 4.1 4.1.1 A – Sfinks ✓ Egipte ✓
- 4.1.2 B – Great Wall of China ✓ China ✓
- 4.1.3 C – Black Forest ✓ Germany ✓
- 4.1.4 D – Machu Picchu ✓ Peru ✓
- 4.1.5 E – Pyramids ✓ Egypt ✓ (10)




- 4.2 4.2.1 Vyf/5 ✓✓ (2)
- 4.2.2 Noord-Amerika ✓✓ (2)
- 4.2.3 Australië/Peru ✓✓ (2)

MEI-JUNIE 2018 NSS

VRAAG 4

- 4.1 4.1.1 Taj Mahal ✓
- 4.1.2 Berlynse Muur ✓
- 4.1.3 Ayers Rots ✓
- 4.1.4 Algarve ✓
- 4.1.5 New York ✓
- 4.1.6 Australië ✓ (6 x 1) (6)

OF

4.1.2 ↙ B	E	R	L	Y	N	S	E	M	U	U	R			
													4.1.3 ↓ A	
													Y	
													E	
4.1.1 T							4.1.4 ↘ A	A	L	G	A	R	V	E
A												S		
J							4.1.5 → N	E	W	Y	O	R	K	
M												O		
A												T		
H												S		
4.1.6 A	U	S	T	R	A	L	I	Ë						
L														

**MEI-JUNIE 2019 NSS
VRAAG 4**

- 4.1 4.1.1 Kremlin ✓ (1)
- 4.1.2 Sydney ✓ (1)
- 4.1.3 Suid-Amerika ✓ (1)
- 4.1.4 Groot Muur van China ✓ (1)
- 4.1.5 Turkye ✓ (1)
- 4.2 4.2.1 Mayan ✓ (1)
- 4.2.2 Die muur is gebou as beskerming teen die vyand. ✓✓ (2)
- 4.2.3 Disney World verteenwoordig nie slegs die VSA nie ✓✓
 • Ander lande het ook nou 'n Disney World en dit is nie eksklusief aan die VSA nie. (2)

**SEPT 2014 EC
VRAAG 4**

- 4.1 4.1.1 'n Toeriste-aantreklikheid wat wêreldbekend is ✓✓
 • 'n Aantreklikheid wat bekend is en wêreldwyd maklik herkenbaar is
 • 'n Aantreklikheid met simboliese waarde
 • 'n Aantreklikheid wat 'n land/stad waarin dit geleë is, verteenwoordig
 • 'n Aantreklikheid wat met 'n spesifieke bestemming (plek, stad of land) geassosieer word
 • 'n 'Moet sien' toeriste aantreklikheid (Enige 1 x 2) (2)
- 4.1.2 (a) A – Big Ben ✓
 B – Eiffel Toring ✓
 D – Petra ✓ (3)
- (b) A – Londen ✓
 B – Parys ✓
 D – Petra ✓ / Wadi Musa (3)

- 4.1.3 (a) Die Vatikaanstad of Heilige Stoel is die wêreld se kleinste onafhanklike staat ✓
 Dit is die hoofkwartiere van die Rooms Katolieke Kerk ✓
 Die Vatikaanstad is 'n Wêrelderfenisterrein ✓
- Een van die mees heiligste plekke vir die Christendom
 - St. Peter's Basilika in die Vatikaanstad is die grootste kerk in die wêreld
 - Die Pous lewer sy Paasboodskap vanaf die St. Peter's Plein in die Vatikaanstad elke Paassondag
 - Die Vatikaanmuseum is die grootste museumkompleks te wêreld
 - Die Vatikaanmuseum en St. Peter's Basilika huisves beroemde kunswerke bv. *Pieta*
 - Die Sistine kapel is bekend vir die Michelangelo muur- en plafonskildery
 - Die Vatikaanstad word deur Rome omring (Enige 3) (3)
- (b) Die Piramides van Giza is 4 500 jaar gelede gebou ✓
 Piramides is 'n massiewe graftombe gebou vir Egiptiese farao's ✓
 Die Piramides van Giza is die simbool van Egiptiese geskiedenis en kultuur ✓
- Piramides was gebou sodat die gebalsemde liggame van die farao asook sy besittings bewaar kon word
 - Die Piramides van Giza is die enigste oorblywende wonder van die antieke tyd
 - Die Piramides vorm deel van die Wêrelderfenisgebied van die piramidevelde van Giza en Dashur (Enige 3) (3)
- 4.1.4 (a) 47.2% ✓ (1)
- (b) Frankryk se ekonomie sal baat deur waardevolle buitelandse valuta wat deur besoekers gewissel word ✓
 Die wins van akkommodasie-instellings, restaurante, vervoerdienste en die kleinhandelbedryf sal styg ✓
 Verhoging in werkskepping en werksgeleenthede ✓
- Oprig van nuwe besighede
 - Opgradering/verbetering en ontwikkeling van infrastruktuur
 - Dit sal die vermenigvuldigingseffek in werking stel
 - Sal bydra tot groei van die BBP (Enige 3) (3)

**SEPT 2015 EC
VRAAG 4**

- 4.1 4.1.1 C✓ – Chichen Itza✓
• E – Macchu Pichu (Enige 1) (2)
- 4.1.2 (a) A✓ – Niagara Falls✓
B✓ – Die Grand Canyon✓ (4)
- (b) **Niagara Valle:**
Dit is een van die beroemdste watervalle in die wêreld.✓
• Dit is een van die skouspelagtigste watervalle in die wêreld.
• Dit is een van die grootste en kragtigste watervalle in die wêreld.
• Dit ontvang meer besoekers as enige ander waterval in die wêreld. (Enige 1)
- OF**
Grand Canyon:
Dit is die grootste canyon/skeur in die wêreld.✓
• Dit is een van die beste voorbeelde van erosie in die wêreld. (Enige 1) (1)
- 4.1.3 (a) Die Christus-standbeeld✓/ Standbeeld van Christus die Verlosser
• Cristo Redentor (1)
- (b) Rio de Janeiro✓ (1)
- (c) Een van die beroemdste standbeelde ter wêreld.✓
Dit is bekend vir sy dramatiese ligging en grootte.✓
• Dit is simbool van die Christendom en vrede. (Enige 2) (2 x 1) (2)
- (d) Die standbeeld is in 2007 as een van die sewe nuwe wonders van die wêreld aangewys.✓
Die standbeeld is bo-op die Corcovado-berg in die Tijuca Nasionale Park geleë.✓
• Die standbeeld kyk oor die stad Rio de Janeiro uit.
• Die standbeeld, insluitend sy voetstuk, is 39,6m hoog en weeg 635 ton.
• Die afstand van vingerpunt tot vingerpunt is 28m.
• Dit is in 1922 gebou om die 100-jarige herdenking van Brasilië se onafhanklikheid van Portugal te vier.
• Die standbeeld bied asemrowende uitsigte oor die stad Rio de Janeiro, Die Suikerbroodberg (Sugar Loaf Mountain), die Maracana-sokkerstadion en die beroemde strande van Copacabana en Ipanema aan.
• Toeriste kan by die standbeeld uitkom deur 20 minute met 'n trein te ry, die 222 trapies uit te klim, of deur roltrappe en hysbakke te gebruik. (Enige 2) (2 x 1) (2)

- 4.1.4 'n Unieke argitektoniese meesterstuk of konstruksie kenmerke ✓
 'n Gevoel van magiese en misterie heers daar. ✓
- 'n Unieke ligging hoog in die Andes-gebergte.
 - Dit het vir baie eeue die weerselemente weerstaan.
 - Dit het 'n uitsonderlike en indrukwekkende vorm.
 - Dit lok 'n seker aantal besoekers elke jaar. (Enige 2) (2 x 1) (2)

**SEPT 2016 EC
 VRAAG 4**

- 4.1 4.1.1 A – Taj Mahal ✓✓
 B – Berg Everest ✓✓
 C – Die Groot Muur van China ✓✓
 D – Drywende markte ✓✓ (4 x 2) (8)
- 4.1.2 Agra ✓ (1)
- 4.1.3 Dit is die wêreld se langste geboude muur. ✓✓
- Dit is die langste mensgemaakte verdedigingstruktuur.
 - Die muur is 'n demonstrasie van antieke Chinese vasberadenheid en ingenieursvaardighede.
 - Die muur is tussen die 5de eeu VC en die 16de eeu NC gebou.
 - Die oorspronklike muur het meer as 8 850km gestrek oor noordelike China, oor berge, woestyne en grasvlaktes.
 - Die muur bestaan uit verskillende afdelings soos beskermdes dorpe, kastele, tempels, militêre basisse, bergpasse, vesting stede, stadsmure, uitkyktorings en muurtorings. (2)
- 4.1.4 Berg Everest is die grootste uitdaging vir bergklimmers aangesien dit die hoogste berg in die wêreld is ✓✓
- Dit vat twee maande om die toppunt van Berg Everest te bereik omdat die bergklimmers se liggame tyd benodig om by die hoogte aan te pas
 - By die toppunt moet bergklimmers temperature wat altyd onder vriespunt is verduur
 - By die toppunt moet bergklimmers orkaansterkte winde verduur
 - Bergklimmers staan gevaar om siek te word as gevolg van die hoogte en koue weer
 - Bergklimmers is in gevaar om te gly, val en vriesbrand te kry
 - Bergklimmers benodig gespesialiseerde toerusting om berg Everest uit te klim (2)

- 4.1.5 Die kleurvolle en lewendige drywende markte bied baie geleenthede om foto's te neem ✓✓
- Die drywende markte is die bestemming in Thailand wat die meeste afgeneem word (2)

**SEPT 2017 EC
VRAAG 4**

- 4.1 4.1.1 A – Die Algarve ✓✓
B – Die Switserse Alpe ✓✓ / Jungfrau-Aletsch
C – Berlynse Muur ✓✓
D – Auschwitz ✓✓ (4 x 2) (8)
- 4.1.2 Die Algarve is bekend vir die aangename klimaat, dramatiese kuslyn, pragtige strande en bied besoekers 'n verskeidenheid geleenthede vir buitelig aktiwiteite en besigtiging van aantreklikhede. ✓✓ (2)
- 4.1.3 (a) Om die impak wat die Berlynse Muur op inwoners van Berlyn gehad het beter te verstaan. ✓✓
- Om die oorblywende gedeeltes van die Berlynse Muur, wat die skeiding tussen demokrasie en kommunisme tydens die Koue Oorlog gesimboliseer het, te sien. (2)
- (b) Om 'n beter begrip te kry van die wrede daade teen mense wat tydens die Tweede Wêreld Oorlog by Auschwitz gepleeg is. ✓✓
- Om meer van die Volksmoord/"Holocaust" en die Nazi Duitse menseslagting-program te leer. (2)

**SEPT 2018 EC
VRAAG 4**

- 4.1 4.1.1 Big Ben ✓
Leunende Toring van Pisa, ✓
Chichen Itza ✓
Eiffeltoring ✓
Colosseum ✓
Vryheidstandbeeld, ✓
Piramides van Giza ✓ (7 x 1) (7)
- 4.1.2 Verenigde Koninkryk/VK/Brittanje/Engeland ✓
Italië ✓
Mexiko ✓
Frankryk ✓
Verenigde State van Amerika/VSA ✓
Egipte ✓ (6 x 1) (6)
- 4.1.3 Pisa ✓
Rome ✓ (2 x 1) (2)

- 4.1.4 Hierdie aantreklikhede is wêreldbekend. ✓ Hulle het 'n spesifieke simboliese waarde. ✓ Hou word met 'n spesifieke dorp, stad, streek of land geassosieer. ✓
- Hulle lok 'n groot getal besoekers elke jaar. (3 x 1) (3)

SEPT 2019 EC**VRAAG 4**

- 4.1 4.1.1 **A** - Vryheidstandbeeld ✓
B - Buckingham-paleis ✓
E - Taj Mahal ✓
F - Ayers Rots/Uluru
G - Sphinx ✓
H - Chichén Itzá ✓ (6 x 1) (6)
- 4.1.2 **C** - Italië ✓ / Vatikaanstad / Vatikaanstaat
G - Egipte ✓ (2 x 1) (2)
- 4.1.3 **E** - Agra ✓
F - Alice Springs ✓ / Noordelike Gebied / Uluru-Kata Tjuta Nasionale Park
H - Yucatán-skiereiland ✓ (3 x 1) (3)
- 4.1.4 **C** - Vatikaanstad ✓
D - Rooiplein ✓ (2 x 1) (2)

INHOUD: FAKTORE WAT BYDRA TOT DIE SUKSES VAN 'N TOERISTE ATTRAKSIE

**NOV 2014 NSS
VRAAG 4**

- 4.2 4.2.1 Baie nywerhede wat rondom die besienswaardigheid aangetref word, dra by tot besoedelingsvlakke. ✓✓
Hoë volumes padverkeer is 'n noemenswaardige probleem om die besienswaardigheid. ✓✓
- Verhoogde besoedelingsvlakke as gevolg van vrystellings deur olieraffinaderye.
 - Steenkool word as die primêre bron van energie gebruik.
 - Negatiewe invloed van massatoerisme.
 - Lugbesoedeling
 - Marmerkanker (2 x 2) (4)
- 4.2.2 (a) Om die Taj Mahal se kulturele erfenis / WET te beskerm en behoue te laat bly. ✓✓
- UNESCO is die beskermheer van alle WETe. (2)
- (b) Om die uitwerking van marmerkanker op die Taj Mahal te verminder. ✓✓
Die gebruik van ekovriendelike skoonmaakmiddels sal die invloed op die omgewing verminder. ✓✓
- Skoonmaakmiddels sal minder skadelik vir die gesondheid van die onderhoudspersoneel wees.
 - Verseker dat produkte veilig is en maklik is om te gebruik.
 - Die skoonmaakmiddels mag nie die marmer beskadig nie. (2 x 2) (4)
- 4.2.3 Om die algemene en skoon voorkoms van die besienswaardigheid te volhou ✓✓
- Verseker dat beleid en die implementering van beleid in plek is.
 - Verseker dat daar maatreëls in plek is om die besienswaardigheid te beskerm.
 - Sluit programme in wat terugkeerbeseoeke sal aanmoedig.
 - Moedig besoekers by die ingang aan om 'n onderneming ('pledge') in die besoekersboek te teken om volgehoue volhoubaarheid van die besienswaardigheid te verseker.
 - Beheer kaartjieverkope/toegangstye om massatoerisme te vermy
 - Daar moet 'n gedragskode wees
 - Stel strafmaatreëls/boetes in plek vir persone wat die gedragskode oortree.
 - Sekuriteitswagte wat sal verseker dat toeriste verantwoordelik optree.
 - Verseker dat die Taj Mahal universeel toeganklik is.
 - Pas die Driedubbele Slotreël toe om volhoubaarheid te verseker. (2)

- 4.3 4.3.1 (a) Graffiti ✓ (1)
- Vandalisme;skryf op die rots ; bekrap
- (b) Stel die polisie in kennis of kontak die Suid-Afrikaanse Erfenisbronne-agentskap (SAHRA) as jy 'n getuie was van die beskadiging van die rotskuns. ✓✓
- Verpligte toergids om besoekers na die besienwaardigheid te vergesel.
 - Verhoog opvoedkundige bewustheid oor hoe rotskuns met sorg en respek behandel moet word.
 - Besoekers moet reëls en prosedures op die terrein gehoorsaam.
 - Verbeter sekuriteit.
 - Installeer veiligheidkameras.
 - Rig versperrings op wat sal verhinder dat toeriste te naby aan die rotskuns kom.
 - Bied 'n beloning aan vir diegene wat die oortreding aanmeld.
 - Stel boetes in. (2)
- 4.3.2 (a) Hy buit toeriste uit deur sy posisie by die besienswaardigheid te misbruik. ✓✓ (2)
- Die sekuriteitswag misbruik sy posisie deur ekstra geld van toeriste te verkry.
- (b) Dwing die gedragskode af. ✓✓ (2)
- Pas dissiplinêre stappe toe
 - Lei personeel op oor kwessies wat met etiese optrede te doen het.

**NOV 2015 NSS
VRAAG 4**

- 4.3 4.3.1 Geleë op die grens tussen twee lande✓✓
- Geleë op die Niagararivier tussen VSA en Kanada.
 - Geleë tussen die tweeling stede (“twin cities”).
 - Daar is twee mere aan weerskante van die valle.
- (2)
- 4.3.2 Werkskepping as gevolg van 'n groter toerisme vraag✓✓
- Dagbesoekers wat toeristegeriewe in Ontario gebruik, genereer inkomste / vermenigvuldiger effek
 - Oornagbesoekers wat van Ontario se akkommodasie gebruik maak, genereer inkomste.
 - Positiewe mondelinge reklame deur Amerikaanse toeriste.
 - Terugkeerbesoeke van tevrede toeriste
 - Sterkter VS dollar maak Ontario 'n goedkoper bestemming.
- (2)
- 4.3.3 Seisoenaliteit sal min invloed op die besettingskoers hê omdat toeristegetalle dwarsdeur die jaar onveranderd bly.✓✓
- Seisoenaliteit het min invloed op die besettingskoers omdat baie toeriste vanaf die VSA dagbesoekers is.
- (2)
- 4.4 4.4.1 'n Omgewingsbeleid is opgestel✓✓
- 'n Koolstofvrystelling metingsprogram is ingestel.
 - 'n Volhoubaarheidskomitee is gestig.
 - Besoekers kan aan groenbewustheidspraktyke deelneem.
 - R30 miljoen is aan bronnebestuur bestee.
- (2)
- 4.4.2 Die V&A Waterfront sal plaaslik en/of internasionaal uitstekend bemark word om oordeelkundige besoekers te lok wat verantwoordelike toerismepraktyke ondersteun.✓✓
- Deur omgewingsbeleidstukke in plek te hê en die toekenning te ontvang vir die 'Beste Bestemming vir Verantwoordelike Toerisme', sal help om besoekers te lok, sodat die werklike getalle die teikengetalle sal oorskry.✓✓
- Toeriste ondersteun besienswaardighede waar daar deeglike bestuurspraktyke in plek is.
 - Dit is vir baie toeriste deel van hulle maatskaplike verantwoordelikheid om groen-bewustheidspraktyke te ondersteun.
 - Uitstekende bemarking vergroot bewustheid van hulle status as ondersteuners van groen praktyke wat toeristegetalle vermeerder.
- (4)

**NOV 2016 NSS
VRAAG 4**

4.3 4.3.1 **JA**

LET WEL: *Geen punte word toegeken vir Ja / Nee nie*

Die werklike getal besoekers oorskry alle vorige besoekersgetalle en 'n nuwe rekord is opgestel. ✓✓

- Die werklike getal besoekers op die dag oorskry die verwagte getal.
- Meer fooie is ontvang van die rekord aantal daaglikse besoekers as wat voorheen die geval was.
- Die ontdekking van die nuwe fossiel het besoekergetalle na die besoekersentrum laat toeneem.

OF

NEE

LET WEL: *Geen punte word toegeken vir Ja / Nee nie*

- Besoekersgetalle word nie beperk nie en dit kan massa-toerisme tot gevolg hê. Dit sou dui op die afwesigheid van deeglike bestuursplanne.
- Oorbenuiting kan hierdie sensitiewe bron bedreig. (2)

LET WEL: *Die rede moet aan die Ja / Nee gekoppel kan word.*

4.3.2 Lede van die plaaslike gemeenskap word in diens geneem. ✓✓

- Verbeter die lewensstandaarde van plaaslike inwoners.
- Armoede, misdaad en werkloosheid word verminder.
- FTT sal verseker dat plaaslike inwoners regverdige lone ontvang.
- Vaardigheidsontwikkeling / bemagtiging van die gemeenskap.
- Plaaslike inwoners is betrokke by besluitnemingsprosesse. (2)

4.3.3 **Sterk punte:**

Maropeng se besoekersentrum is toeganklik vir rolstoel. ✓✓

- Maak voorsiening vir mense met spesiale behoeftes.
- Voorsien veilige toerusting. (2)

Swak punte:

- Beperkte fasiliteite vir mense met spesiale behoeftes ✓✓ (2)

**NOV 2017 NSS
VRAAG 4**

- 4.2 4.2.1 Die koeëlvaste glas sal beter beskerming aan toeriste verleen indien daar in die toekoms verdere terreuraanvalle sou plaasvind. ✓✓
- Om die veiligheid by die besienswaardigheid op te gradeer en te verbeter.
 - Om ontslae te raak van die metaalversperrings wat die uitsig by die toring belemmer en om beter fotogeleenthede te skep.
 - Die toring is een van die ikoniese strukture in Frankryk wat baie toeriste lok en ekstra beskerming benodig.
 - Vir estetiese (aantreklike) doeleindes (2)
- 4.2.2 Die Eiffeltoring, as een van die gewildste toeristebesienswaardighede in Parys, kan die teiken word van grootskaalse terreuraanvalle met geweldige lewensverlies. ✓✓
- Die verwoesting van 'n ikoniese struktuur wat die ingenieursvaardighede van sy tyd uitbeeld.
 - Minder besoekers na die besienswaardigheid omdat toeriste nie veilig sal voel nie.
 - Die afwesigheid van sigbare polisiëring mag tot 'n toename in kriminele aktiwiteite lei. (2)
- 4.2.3 Die voortgesette internasionale bemarking van die ikoon. ✓✓
- Algemene onderhoud van die toring en die area rondom die toring.
 - Sien toe dat die toring toeganklik vir mense met spesiale behoeftes is (universele toeganklikheid).
 - Laat geleenthede vir entrepreneursgeleenthede rondom die toring toe.
 - Die professionele beeld van die personeel.
 - Die bekwaamheid en etiese gedrag van die personeel.
 - Hou die toring volhoubaar deur goeie omgewingsbestuursplanne.
 - As besoekers die toring met 'n gevoel van genot en tevredenheid verlaat. (2)

**NOV 2018 NSS
VRAAG 4**

- 4.2 4.2.1 Ayers Rots ✓
Uluru-Kata Tjuta Nasionale Park
Uluru-Kata Tjuta (1)
- 4.2.2 Sydney Operahuis (1)

4.2.3 Ja.

Die besoekersgetalle oortref die teikengetalle. ✓✓

Dit lok toeriste van regoor die wêreld wat in kultuur, erfenis of in die natuur belangstel.

OF

Nee.

Hulle het nie volhoubare en verantwoordelike bestuursplanne in plek nie.

- Toeriste verwoes die terrein deur rommel te strooi en die terrein te beskadig deur daarop te klim.
- Die toeriste ignoreer die godsdienstige belangrikheid van die terrein.
- Daar is min fokus op die algemene voorkoms en onderhoud van die besienswaardigheid.
- Daar is geen voordele vir die Inboorlinge en die omgewing nie. (2)

LET WEL: Moenie enige punte toeken vir JA of NEE nie

4.2.4 (a) Toeriste klim die rots al is die inboorlinge nie ten gunste daarvan nie. ✓✓

Die Inboorlinge trek geen voordeel uit toeriste wat die terrein besoek nie, hoewel die grond aan hulle behoort. ✓✓

- Dit is 'n heilige terrein vir die Inboorlinge en moet met respek behandel word.
- Min Inboorlinge word deur die park in diens geneem. (4)

(b) **Probleme met die klim van die rots**

Beperk die getal klimmers. ✓✓

- Betrek die Inboorlinge by die gee van toestemming aan klimmers.
- Gebruik die plaaslike Inboorlinge as gidse vir die klimmers. (2)

Inboorlinge trek nie voordeel uit toerisme nie

Die Inboorlinge moet aansporingsbonusse kry soos om aandeelhouders in besienswaardighede te word. ✓✓

- Die Inboorlinge moet betrokke wees in die beplanning en bestuur van die toeriste-aktiwiteite in en om die besienswaardigheid. (2)

Disrespek teenoor die heilige terrein

- Verskaf inligtingsborde/pamflette met inligting oor verantwoordelike optrede deur toeriste.
- Strenger regulasies moet deur die regering afgedwing word.

Min Inboorlinge in diens

- Beleidstuk oor voorkeur-indiensneming van Inboorlinge

Let Wel: Verseker dat elke aanbeveling wat in (b) gegee word, aan die rede in (a) gekoppel is.

FEB-MAART 2015 NSS
VRAAG 4

- 4.2 4.2.1 Die Canyon strek oor lang afstande wat besoekers in staat stel om 'n paar terreine op die roete te besoek. ✓✓
 Bied 'n wye reeks gewilde aktiwiteite om aan deel te neem terwyl hulle op die roete is, voorbeeld witwaterroeiritte, helikoptertoere, voetslaanroetes, fotografie. ✓✓
- Bestaan uit verskillende rotslae wat 'n belangrike terrein vir geologiese navorsing is.
 - Besigtig diverse ekosisteme wat in die canyon voortbestaan.
 - Nuuskierigheid om die grootse canyon in die wêreld te sien.
 - Dit is 'n Wêrelderfenisterrein. (4)
- 4.2.2 Die besienswaardigheid was nie vir die publiek oop nie, dit was gesluit vir opgraderingswerk. ✓✓ (2)
- 4.3 Die instelling en implementering van volhoubare afvalbestuur stelsels. ✓✓
 Betrek alle rolspelers, insluitend plaaslike gemeenskappe, plaaslike regering en plaaslike entrepreneurs om saam te werk om die area te beskerm. ✓✓
 Hou gereelde skoonmaaksessies op Berg Everest. ✓✓
 Vestig herwinningsfasiliteite al langs die klimroetes. ✓✓
 Die regering kan beleidstukke saamstel, implementeer en monitor vir verantwoordelike afvalbestuur in die streke wat betrokke is. ✓✓
- Bewusmakingsprogramme/kapasiteitsontwikkeling, opleiding in moderne afvalbestuur en herwinningstegniese moet vir plaaslike gemeenskappe aangebied word om kennis en kapasiteit te verbeter.
 - Media veldtogte kan gereël word om bewustheid te skep. (10)
- 4.4 4.4.1 Stel die ontwikkeling van nuwe besienswaardighede ten toon. ✓✓
- Verskillende kaartjepakkette.
 - Stel 'n nuwe webtuiste bekend, kommunikeer deur Facebook en Twitter.
 - Fokus op aandvermaak..
 - Gee terug aan gemeenskappe in die vorm van geborgde besoeke. (2)
- 4.4.2 Besoek die tempark waar fasiliteite/uitstallings gereeld onderhou word.. ✓✓
- Toegewysde personeel/vrywilligers wat besoekers bystaan om die beste uit hulle see-wêreld ervaring te kry.
 - 'n Verskeidenheid pret-aktiwiteite (2)

FEB-MAART 2016 NSS**VRAAG 4**

- 4.2 4.2.1 Dit is die oorblyfsels van 'n antieke Inka stad✓✓ hoog in die Andesberge.
Dit verteenwoordig die argitektuur en leefstyl van die antieke Inka-beskawing. ✓✓
- 'n Heilige Inka-terrein.
 - Dit is 'n Wêrelderfenisterrein. (4)
- 4.2.2 Deur die aantal besoekers te beperk, verseker dit dat die terrein volhoubaar gehou kan word vir die nageslag.✓✓
- Die risiko dat die terrein beskadig gaan word deur te veel toeriste, word verminder.
 - Dit sal die waarde verhoog as slegs 'n beperkte aantal besoekers toegelaat word. Dit word dan meer eksklusief en iets wat baie besoekers graag sal wil sien. (2)
- 4.3 4.3.1 Spanje✓ (1)
- 4.3.2 **Ten gunste van:**
Toeriste hou daarvan om deel te neem aan kulturele aktiwiteite wat nie in hulle eie lande beskikbaar is nie.✓✓ Baie toeriste beskou stiergevegte as 'n opwindende ervaring.✓✓
- Sommige mense vind dit nie afstootlik vir hulle eie vermaak nie.

OF**Teen:**

Baie toeriste beskou stiergevegte as wreedheid teenoor diere en sal nie hierdie aktiwiteit ondersteun nie. ✓✓ Daar is 'n Internasionale beweging wat hulle ten doel stel om stiergevegte te verbied. ✓✓

- Toeriste is nie verseker teen beserings wat hulle mag opdoen gedurende hierdie aktiwiteit nie.
- Nagebootste stiergevegte verflou die kulturele rede vir stiergevegte.
- Toeriste besoek Spanje en sy ander besienswaardighede ten spyte van die boikot teen stiergevegte. Dit het nie veel vermaakwaarde vir die toeriste nie, aangesien dit hoofsaaklik deur plaaslike mense bygewoon word en nie eintlik deur veel toeriste nie. (4)

MEI-JUNIE 2018 NSS
VRAAG 4

- 4.2 4.2.1 Inkas ✓ (1)
- 4.2.2 Suid-Amerika ✓ (1)
- 4.2.3 Dit is gebou as 'n stad vir menslike vestiging. ✓✓ (2)
- 4.2.4 Dit is hoog in die berge gebou as 'n beskermingsmaatreël teen ander magte wat die stad kon inval. ✓✓
 • Die hoogte van die berge het 'n godsdienste belangrikheid, daarom die vesting bo in die berge. (2)
- 4.2.5 Hulle het die museum naby Machu Picchu gerestoureer en opgegradeer. ✓✓
 Hulle probeer om die artefakte by die Universiteit van Yale terug te kry. ✓✓
 • Hulle dreig met 'n hofgeding teen die Universiteit van Yale indien hulle nie die artefakte teruggee nie. (4)
- 4.2.6 **Die meningsverskil rondom die ikoon tussen Yale en Peru wat in die artikel genoem word.**
 Die mense van Peru glo dat hulle die wettige eienaars van die artefakte is aangesien dit in hulle land gevind is. ✓✓
 Die Universiteit van Yale glo dat hulle die wettige eienaars van die artefakte is, aangesien hulle die regte tot eienaarskap by die regering van Peru gekoop het. ✓✓
 • Die kwessie is oor eienaarskap van die artefakte. (4)
- LET WEL:** Twee perspektiewe moet aangedui word – een van die Peruviaanse regering en een van die Yale universiteit.*
- EEN argument ten gunste van Peru se standpunt**
 Dit is deel van Peru se antieke erfenis en moet beskerm word en volhoubaar vir hulle nageslagte wees. ✓✓
 • Toe dit destyds gevind is, het die mense van Peru nie oor die kundigheid beskik met betrekking tot die waarde van die artefakte nie.
 • Hulle het nie van eienaarskapregte geweet nie.
 • Dit is onregverdig om hulle nou te verbind tot iets waarvan hulle geen kennis gehad het nie. (2)
- Paragraaf formaat**
 Volledige, goed-saamgestelde sinne is gebruik, geskryf as 'n volledige paragraaf sonder 'bullets' of nommers. ✓ (1)

MEI-JUNIE 2019 NSS
VRAAG 4

- 4.3 4.3.1 Jordanië ✓ (1)
- 4.3.2 Dit is 'n antieke stad wat eers in die vorige eeu ontdek is. ✓✓.
Besoekers is eers onlangs toegelaat om hierdie besiens-
waardigheid te besoek. (2)
- 4.3.3 **Neiging**
Die algemene neiging toon 'n afname vanaf 2013 tot 2015, hoewel
daar 'n toename in 2016 was. ✓✓ (2)
- Kenmerke van Petra**
Hierdie reuse hand-gekerfde metropolis (stad) het 'n rykdom van
kunswerk en gee 'n kykie in die antieke Nabateaanse
beskawing. ✓✓
- Die “Rose Stad” is 'n byenes van mensgemaakte grotte, tempels
en graftombes wat 2 000 jaar gelede uit pienk sandsteen gekerf
is in die hoë Jordaniëse woestyn. (2)
- Positiewe invloed**
Petra sal 'n groot inkomste vir die plaaslike gemeenskap verdien en
sal die vermenigvuldigereffek in werking stel. ✓✓
- Groter publisiteit (2)
- Bedreiging**
Die broos struktuur kan verniel en verwoes word as gevolg van
massa-toerisme en verfilming ✓
- Petra kan deur toeriste en filmspanne uitgebuit word wanneer
hulle die terrein gebruik en misbruik.
 - Politieke onrus in die streek kan die terrein verwoes. (1)
- TWEE maniere hoe bedreigings hanteer moet word**
Goeie verantwoordelike toerismetekens moet beskikbaar wees ✓✓
Hef toegangsfooie om besoekergetalle te beperk ✓✓ (2 x 2) (4)

SEPT 2014 EC
VRAAG 4

- 4.2 Uitnemende diens van personeel en bestuur ✓✓
Etiese gedrag van personeel en bestuur ✓✓
Algemene voorkoms en onderhoud/versorging van die attraksie ✓✓
- Besoekers moet dit as 'n positiewe ervaring beleef
 - Veiligheid en misdaadvoorkoming
 - Dienslewering (Enige 3 x 2) (6)

**SEPT 2015 EC
VRAAG 4**

- 4.1 4.1.5 (a) New York ✓ (1)
- (b) Families met jong kinders. ✓
Ouer besoekers. ✓
- Besoekers wat moeilik loop.
 - Besoekers met beperkte visie. (Enige 2) (2 x 1) (2)
- (c) 'n Toeriste-aantreklikheid wat universeel toeganklik is, sal verskillende tipes besoekers lok, ongeag hul ras, godsdiens, ouderdom of gebreke. ✓ Elke besoeker sal in staat wees om al die fasiliteite, ervaringe en uitkykpunte wat aangebied word, te kan geniet. ✓ (2 x 1) (2)
- (d) Brosjures, pamflette en terreinkaarte moet op datum gebring word en maklik beskikbaar wees. ✓✓
Personeel van die besoekersentrum moet maklik identifiseerbaar wees, en fluks en vriendelik besoekers se navrae hanteer. ✓✓
- Kennisgewings in die besoekersentrum moet duidelik en sigbaar vir alle tipes toeriste wees.
 - Addisionele personeel moet beskikbaar wees indien nodig om lang wagtoue te beperk. (Enige 2) (2 x 2) (4)

**SEPT 2016 EC
VRAAG 4**

- 4.2 4.2.1 “die welsyn van kinders waarvan daar verwag word om aandenkings en donkieritte te verkoop ten koste van hulle onderwysloopbane.” ✓✓ (2)
- 4.2.2 Moet nie gebruik maak van swak of beseerde diere om toeriste te vervoer nie ✓✓
- Maak seker dat die diere voldoende gevoed is en water gekry het
 - Laat die diere gereeld deur 'n veearts ondersoek word
 - Moenie die diere oorlaai nie
 - Moenie toelaat dat oorgewig mense op die diere ry nie (2)
- 4.2.3 Om nie items by kinders te koop nie of vir hulle geld te gee nie aangesien dit hulle aanmoedig om uit die skool te bly ✓✓
Moenie beseerde of swak diere gebruik om by die terrein te reis, sodoende word daar verhoed dat diere ly ✓✓
Om eerder die monumente te voet te besigtig ✓✓
- Om nie op die monumente te staan of klim nie
 - Om nie stukkies rots of oudhede te koop wat onwettig verkoop word nie
 - Koop slegs items van wettige aandenkingswinkels (3 x 2) (6)

- 4.3 4.3.1 Slegte weersomstandighede kan lei tot die tydelike sluiting van ritte ✓
 • Elektriese storms
 • Reën
 • Sterk winde (1)
- 4.3.2 Mense word aangemoedig om by die nuwe Ratanga Membership Club, wat voordele bied vir gereelde besoekers, aan te sluit. ✓✓
 • Die bestuur bied ongelooflike afslag en voordele vir groepe van 20 of meer mense aan wat bespreek en voor die tyd betaal vir hulle besoek. (2)
- 4.3.3 'n Verskeidenheid restaurante, kitskosplekke, winkels en filmteaters te begin. ✓✓
 • Verkoop Ratanga Junction goedere bv T-hemde, koffiebekers, speelgoed en sleutelhouers.
 • Meer ritte te hê.
 • Verkoop amptelike foto's wat geneem is van die besoekers op die ritte. (2)

**SEPT 2017 EC
 VRAAG 4**

- 4.2 4.2.1 (a) Bedrog (1)
- (b) uShaka Marine World kon hulle HUB geskors het. ✓✓
 • uShaka Marine World kon 'n waarnemende HUB aangestel het. (2)
- 4.2.2 (a) 120 bome by skole geplant tydens Boomplantweek ✓✓
 • 700 ure op rehabilitasie van diere spandeur (2)
- (b) Die verkoop van uShaka Marine World se kinderklere-reeks. ✓✓
 • Gasheer speel vir straatkinders om Mandeladag te vier. (2)
- 4.2.3 Die toekenning sal toeriste van Sjina, Japan, Mongolië en ander Asiatiese lande beïnvloed om uShaka Marine World te besoek. Hierdie sal die aantreklikheid se finansiële prestasies verbeter. ✓✓ (2)
- 4.2.4 Dit sal herbesoeke aanmoedig. ✓✓
 Besoekers sal waarde vir hulle geld kry. ✓✓
 Dit sal lei tot positiewe mondelinge advertensies. ✓✓
 • Dit sal tot besoeker bevrediging lei.
 • Dit sal seisoenaliteit aanspreek.
 • Die werklike getal besoekers sal die teikengetalle oorskry. (3 x 2) (6)

SEPT 2018 EC
VRAAG 4

- 4.2 4.2.1 Die meeste kleinhandelprodukte word vanaf plaaslike verskaffers bekom. ✓✓
Die maatskappy bedryf 'n "Class in the Clouds" program vir verryking van die leerders van die plaaslike gemeenskap. ✓✓
- Die maatskappy het water besparingstrategieë suksesvol ingestel. (2 x 2) (4)
- 4.2.2 Kleinhandelwinkels is opgeknop om beter vloei van besoekers te verseker. ✓✓
'n Oudiotoeer gee aan besoekers feite oor die berg en die maatskappy. ✓✓
- Samewerking met ander besighede ten einde toegang tot Tafelbergkaartjies makliker te maak vir besoekers. (2 x 2) (4)

SEPT 2019 EC
VRAAG 4

- 4.2 4.2.1 Wildnavorsing ✓✓ (2)
- 4.2.2 'n Verskeidenheid safari's en ervarings word vir die gaste gebied. ✓✓
Die kos is van hoogstaande gehalte. ✓✓
Die kokke neem die gaste se maaltydvoorkeure in ag. ✓✓
Persoonlike diensknegte word aan gaste toegeken. ✓✓
- Die spa is vir langer tye oop.
 - Die Spa het 'n dek met 'n uitsig van die omliggende bos.
 - Aand aktiwiteite word vir gaste gebied.
 - 'n Alternatiewe vervoeropsie (via helikopter) is beskikbaar as gaste na Shambala privaat wildreservaat reis.
 - Die verblyf wat gebied word is luuks.
 - Die verblyf is in 'n skilderagtige en rustige omgewing geleë.
- NOTA:** *Antwoorde moet in paragraaf formaat geskryf word; kolpunte is gegee om nasien te vergemaklik.*
- (4 x 2) (8)